STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

23 SEPTEMBER 2018

GEMEENTEBULLETIN

OGGENDDIENS

Data vir optimisme!!

(Teks: Fil. 4:1-9)

GEBEDSGROEPE

Maandag 09:15 – vrouebiduur in die gebedskamer.

Dinsdag 18:30 – gebedsbyeenkoms in die kapel.

Donderdag 06:00 – gebedsbyeenkoms vir mans in mark-plein.

DEUROFFER

Edelweiss

EREDIENSTE

			23 Sept.		30 Sept.	
09:00	Kerk (Doop)	Oggenddiens	Ds. Duvenhage	1	Ds. Potgieter	3
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Duvenhage	13	Ds. Breytenbach	11

FEESMARK 17 OKT. TOT 3 NOV.

Die Feesmark begin op Woensdag 17 Oktober. Besoek die mark en restaurant weeksdae tussen 10:00 en 20:00 en Saterdae tussen 09:00 en 18:00.

'n Splinternuwe **AANLYNWINKEL** met feesmarkprodukte word ook vanjaar vanaf 17 Oktober tot 3 November via www.stellenberg.co.za bekendgestel. Besoek dit gerus om jou feesmarkaankope in die gerief van jou eie huis te doen. Aankope kan by die afhaalpunt by die Fees-mark se hoofingang afgehaal word, of na 'n adres van jou keuse, op eie koste, gekoerier word.

Ons vra ook lidmate se voorbidding vir dié groot projek. Die Feesmark is een van ons gemeente se grootste fondsinsamelingsprojekte.

GEMEENTENUUS

Ons skakel graag elektronies met lidmate en stuur weekliks die bulle-tin en maandeliks die Stellenberger aan almal op ons verspreidingslys. Indien jy nie die inligtingstukke ontvang nie, stuur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za. Gedrukte weergawes van die inligtingstukke word ook in die voorportaal van die kerk en sale geplaas.

LEEF LIGTER

'n Interaktiewe werkswinkel vir vroue.

Vroue moet daagliks 'n klomp balle in die lug hou. Hoe gemaak as die balle te veel raak en jy nie meer kan bybly nie? Datum en tyd: 30 Oktober 18:30 tot 20:00
Aanbieder: dr. Carlien van Wyk Koste: R40 per persoon
Besprekings: Anneke by sos@stellenberg.co.za / 021 976 8029

MANNEKAMP 9 TOT 11 NOVEMBER

Kom beleef geestelike verdieping, saamwees en 'n geleentheid om die Heilige Gees weer te ervaar. Ons hoop om die mannekampe te laat herleef en hierdie is die eerste aanbieding. Koste: R950.00, sluit etes en materiaal in. Navrae: Retief Ueckermann 082 498 3448. Besprekings: Lindy by 021 976 4519 of lindy@stellenberg.co.za, R400 deposito.

GEMEENTEKAMP 30 NOV. TOT 2 DES.

Daar is nog net vyf staanplekke by die Vloedbos-kampeerterrein in Caledon beskikbaar. Bespreek jou plek voor einde Sept. direk by die kampeerterrein – Demichelle of Mariska, 083 359 1505 of info@vloedbos.co.za en dui asseblief aan dat julle deel van Stellenberg-gemeente se blokbespreking is.

REËLINGS TYDENS FEESMARK

Om die aanbieding van die Feesmark moontlik te maak, moet ons die gebruik van lokale aanpas. Neem asb. kennis van die volgende veranderinge vanaf Sondag 14 Oktober tot Sondag 4 November:

- 'n Gesamentlike diens word om 09:00 in die kerk aangebied. Die gesinsdiens verskuif na die kerk. Die meditatiewe diens om 09:00 en aanddiens om 19:00 gaan voort in die kapel. Die jeugdiens om 18:00 gaan voort in die kerk.
- Kleuterkerk verskuif na die komiteekamer in die kerkkantoor.
- Junior kleingroepe kom almal (graad 1 tot 7) in die kerk byeen.
- Senior kleingroepe kom in die tent byeen.
- Die kafeteria verskuif ook na die tent.

VROUEKAMP

19-21 Oktober
Plek: Die Eiland, Stellenbosch
Koste: R520
Navrae: Rita Robertson 084 640 4183.

BREIGROEP

Die groep kom weer op Maandag 1 Oktober om 09:30 in die markplein byeen.

Kontak Ria 083 519 0602 met enige navrae.

VERNUWING VAN DIE KERKTUIN

Die terrein voor die kerkkantoor word tans verfraai en omskep in 'n meer waterbesparende tuin.

EDELWEISS BYBELSTUDIE

Geen Bybelstudie op 27 September en 4 Oktober.